

# Vuk'uzenzele



Produced by Department Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Julie 2021 Uitgawe 2



**Meet COVID-19 heroine Monica Adams**  
Page 5



**STAY SAFE**  
VACCINATE TO SAVE SOUTH AFRICA  
TOGETHER WE CAN BEAT THE CORONAVIRUS



**Men and boys join the GBVF conversation**  
Page 8

# Vaccine drive gathers pace



Image: Department of Health

■ The COVID-19 vaccination programme has expanded to include police officers and other security personnel, among other groups.

**A**s South Africa battles a third wave of the Coronavirus Disease (COVID-19), the country's mass vaccination programme is expanding to include more categories of people.

South Africans between the ages of 50 and 59 are expected

to start receiving vaccines from 15 July.

"The [vaccination] programme has picked up significant momentum, with key milestones being achieved as we move forward," said President Cyril Ramaphosa.

The first phase of the vaccination programme focused on

healthcare workers, while the second phase targeted the age group of 60 and above.

The national vaccination programme is now continuing along defined streams.

The first stream is the general population according to age groups. On 1 July, registration for vaccination on the Elec-

tronic Vaccination Data System (EVDS) opened to 50 to 59 year olds.

The second stream commenced with those working in the basic education sector, which included teachers. They started receiving vaccines in June.

The third stream is focusing on police and other security personnel. Those who fall under this sector started receiving the vaccine at the beginning of July.

The fourth stream is through workplace programmes in key economic sectors, such as mining, manufacturing and the taxi industry.

## Arrival of vaccines

The vaccination programme is expected to pick up pace with the arrival of more vaccines in the country.

Acting Health Minister Mmamoloko Kubayi-Ngubane said about 2.1 million doses of the Pfizer vaccine are expected to

arrive in July.

Pfizer delivered nearly 4.5 million doses in quarter two and has committed to just over 15.5 million doses in quarter three.


"Johnson and Johnson has so far delivered 500 000 early access doses used for Sisonke, 300 000 market doses two weeks ago and 1.2 million doses, [which] landed recently. These doses all need to be used by 11 August."

The country is also awaiting confirmation of a further of 500 000 doses, which expire on a later date than the other doses.


## Red alert

While Gauteng remains the epicentre of the COVID-19 pandemic Minister Kubayi-Ngubane has warned that many provinces in the country are almost at red alert as infections continue to increase.

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:




Search for SA Government on Google playstore or appstore

## CONTACT US

 Vuk'uzenzele  @VukuzenzeleNews

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

## Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083



# Sterker SOE's moet ekonomiese groei en transformasie aandryf

**S**uid-Afrika se ondernemings in staatsbesit (SOE's) word op die voorgrond al jare lank merendeels met staatskaping, finansiële wanbestuur en onbekwaamheid vereenselwig. Benewens die gereelde finansiële inspuittings wat sommige van die land se grootste en belangrikste SOE's vanaf die regering benodig, sukkel hulle boonop om hul mandate na te kom.

Hierdie SOE's behoort aan die spits van ekonomiese en gemeenskaplike transformasie te staan. Hulle is daarvoor verantwoordelik om die infrastruktuur en dienste te verskaf waarop die ekonomie staatmaak, hetsy dit elektrisiteitsopwekking, pendelaarvervoer, waterverskaffing, vraglogistiek of telekommunikasie is.

Daar word aan ons benadering tot staatsbesit gestalte gegee deur die behoefte aan belangrike netwerkbedrywe wat doeltreffend funksioneer, soos energie en hawens, en die behoefte om te verseker dat daar aan die basiese behoeftes van alle Suid-Afrikanners, veral die behoeftiges, voldoen kan word.

Ons glo vas dat staatseienaarskap in kernsektore van die ekonomie nodig is en dat die land sterk SOE's benodig wat ekonomiese groei en transformasie kan aandryf.

Dit is veral die geval in die lewering van staatsgoedere



soos elektrisiteit en water waar SOE's in staat is om ontwikkelingsmandaat in die openbare belang, teenoor uitsluitlik kommersiële een, na te streef.

Dit is waarom ons die omeswaai van hierdie ondernemings regeringsprioriteit gemaak het – om korrupsie met wortel en tak uit te roei, hul bestuur te verbeter en hul in staat te stel om hul nodige rol te speel om ekonomiese groei en werkskepping aan te spoor.

Ons het, met dié doel voor oë, aantal verbeterings onderneem om hierdie SOE's te versterk sodat hulle die resultate wat die land benodig en verwag, kan lewer.

Een van die belangrikste verbeterings is in die enigiessektor. Ons het die proses begin om Eskom te herstruktureer in drie SOE's wat verantwoordelik is vir onderskeidelik opwekking, geleiding en verspreiding. Die rede hiervoor is dat die

vorige struktuur van Eskom nie gepas was vir die veranderende energielandskap nie – dit het ondoeltreffend en duur geword en was nie deursigtig genoeg nie.

Die spesifieke vestiging van geleidingsentiteit sal beteken dat Eskom in staat sal wees om krag vanaf wye reeks verskaffers, beide privaat en vanaf die staat, aan te koop. Dit sal deursigtigheid verbeter, mededingendheid verhoog en die aankoop van elektrisiteit teen die laagste koste bevorder.

Daar was beduidende privaat belegging in kragopwekking as deel van die Program vir die Verkryging van Hernubare Energie van Onafhanklike Kragprodusente (REIPPP). Ons kan selfs meer privaat beleggings verwag met die voorstel om lisensieringsvrystelling vir vasgelegde geleiding – waar maatskappye vir hulself en ander kommersiële verbruikers elektrisiteit vervaardig

– van 1MW tot 100MW te verhoog.

Dit is van kernbelang op tydskip wat die land weens erge en volgehoue elektrisiteitstekorte swaarkry en waar nóg Eskom nóg die regering in staat is om in nuwe opwekkingskapasiteit te belê.

Dit is belangrik dat dié verbeterings ook aan Eskom die ruimte sal gun om sy finansiële en bestuursuitdagings aan te spreek.

Nóg belangrike verbetering is die vestiging van die Nasionale Hawe-owerheid as onafhanklike filiaalmaatskappy van Transnet.

Dit is deurslaggewende deel van Transnet se breedvoerige strategie om nuwe lewe te blaas in ons logistiek-infrastruktuur. Transnet beplan om oor die volgende vyf jaar R100 miljard in die opgradering van sy infrastruktuur regoor die hawestelsel te belê. Dit sal ons hawens meer doeltreffend en ons uitvoere meer mededingend maak en die hele ekonomie bevoordeel.

Vir die gewone verbruiker beteken dit verlaagde pryse op baie van ons goedere oor die langtermyn. Vir ons uitvoerders sal dit meer mededingendheid in wêreldmarkte beteken.

Ons ekonomie sal uitbrei en meer werke skep namate ons uitvoere groei. Meer doeltreffende hawens sal die hele ekonomie beter laat werk – 'n styging in hawevolumes sal

lei tot groter werkskepping in die hawens self.

Die vestiging van die Nasionale Hawe-owerheid as Transnet-filiaalmaatskappy met sy eie raad sal, onder meer, beteken dat inkomste wat deur die hawens gegeneer word, gebruik kan word om ou toerusting te vervang en ons hawens op te gradeer en uit te brei – werk wat vir meer as dekade vertraag is.

Dié verbeterings sal onder meer meer privaat belegging in die land se ekonomiese infrastruktuur aanspoor. Sommige mense het kommer uitgespreek dat dit die belangrikheid of waarde van SOE's sal verminder – inderwaarheid sal dit die teenorgestelde tot gevolg hê.

Dié verbeterings sal verseker dat ons SOE's meer doeltreffend sal word en die bedrywe wat deur hulle ondersteun word meer mededingend sal word, terwyl strategiese infrastruktuur steeds stewig in staatsbesit bly. Dié verbeterings is ook belangrik om te verseker dat SOE's hul breër ontwikkelingsmandate implementeer om alle landsburgers en die ekonomie te ondersteun.

Ons beleid bly dat SOE's belangrike ontwikkelingsrol moet speel in die ondersteuning van ons ekonomiese groei. Ons taak is om hulle op goeie voet te plaas sodat hulle hul uiteindelijke aandeelhouders – Suid-Afrikanners – kan dien. **V**

# Voorkom identiteitsdiefstal

**DIT IS NOODSAAKLIK** om onmiddellik 'n verlore of gesteelde identiteitsdokument of paspoort te rapporteer om te vermy dat jy 'n slagoffer van identiteitsdiefstal word.

**Kgaogelo Letsebe**

**S**henki Mabitsela (28) is alte bewus van identiteitsdiefstal en die misdade daaraan verwant, aangesien hy sêlf al 'n slagoffer daarvan was.

Mabitsela, van Modimolle in Limpopo, het in November 2020 by 'n bank aansoek gedoen om 'n lening, maar is ingelig dat hy te diep in die skuld is en nie kwalifiseer nie.


"Ek het gegaan om aansoek te doen vir 'n korttermynlening omdat ek gesukkel het om kop bo water te hou nadat ek in Junie 2020 afgelê is. Ek is, tot my verbasing,

ingelig dat ek nie kwalifiseer nie.

"Ek het aanvanklik gedink dat dit weens my onstabiele inkomste was, maar dit was egter nie die geval nie. Ek het geweet dat ek net een klererekening en geen ander skuld het nie, so ek het vir 'n afskrif van my profiel gevra," sê hy.

Mabitsela het gesien dat twee selfoonkontrakte, 'n banklening van R65 000 en verskeie kleinhandelsrekeninge in sy naam aangegaan is. Die skuld was altesaam nagenoeg R100 000.

"Ek het net voor die nasionale vlak-5 grendeltydperk my ID-boek verloor. Ek het gedink dit is iewers in die



huis en was nie te bekommerd nie, want ek het my slimkaart-ID gehad," sê hy.

Mabitsela het 'n saak van identiteitsdiefstal by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) ahangig gemaak nadat hy besef het dat iemand op sy naam skuld aangaan.

Hy moes 'n beëdigde verklaring aflê wat bevestig dat hy sy identiteitsboek verloor het en moes dit, tesame met sy saaknommer, na die kredi-

teure toe neem om te keer dat hy op die swartlys geplaas word.

Mabitsela se ervaring is nie enig in sy soort nie. Bedrog het, volgens die Suid-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens (SAFPS) se bedrogverslag vir 2020, verlede jaar met 161% in die Oos-Kaap en met 120% in Gauteng gestyg.

Manie van Schalkwyk, die uitvoerende direkteur van die SAFPS, sê: "Dit is baie

kommerwekkend dat identiteitsbedrieërbedrog – ook bekend as identiteitsbedrog – met 'n onrusbarende 337% gestyg het."

Van Schalkwyk sê dat mense 'n verlore of gesteelde ID of paspoort onmiddellik moet rapporteer.

"Om die verlies of diefstal aan die SAFPS en die SAPD te rapporteer, verseker dat ons in staat is om die besonderhede op ons databasis aan te teken en ons lede in kennis te stel. Hulle kan dan ekstra versigtig wees wanneer 'n identiteit bevestig word." **!**

Skakel die SAFPS by **011 867 2234** of stuur 'n e-pos aan [protection@safps.org.za](mailto:protection@safps.org.za) as jou ID of paspoort verlore of gesteel is. Jy kan ook die SAPD by **08600 10111** skakel, of jou naaste polisiestasie besoek.

# Bees make life sweeter at Moja Gabedi

**Allison Cooper**

**A** University of Pretoria (UP) community engagement project is training students and community members to become beekeepers in Hatfield, Gauteng.

Six people are being trained to care for beehives that were discovered at Moja Gabedi, a UP community engagement project which was an unofficial rubbish dump for about 100 years.

Moja Gabedi was an unsightly, empty lot in Festival Street, not far from the university's Hatfield Campus.

The university's Commu-

nity Engagement Unit transformed the dumpsite into a shelter for the homeless, with lush gardens, vegetables, trees and flowing canals.

"When we started clearing the site, we discovered bees deep underground in a corner of the plot. When the site was developed further, professional beekeepers were called in to relocate the bees into a hive," says Gernia van Niekerk, Moja Gabedi's Community Engagement Manager.

While there was initially only one hive, three more have been added since June 2020.

This presented an opportunity to train UP students and

community members to care for the hives, and Mike Lang from Urban Bees offered to conduct a beekeeping course.

Thanks to sponsors of protective gear and tools for beekeeping, the course was offered for free to two UP students, three community members and two urban farmers.

They all attended an introductory class and were taught about bees, how a bee colony works, how to work with beekeeping equipment and safety practices.

UP student Daddy Kgonothi says at first, he wasn't really interested in bees.

"When I learnt more, I understood that one should



make the garden user-friendly for bees. If you know how to approach bees correctly, you'll come to see that they are fascinating insects, he says.

Community member Reckson Tshehla, who also attended the course, is keen to expand his knowledge about bees.

"It was the first time I saw a queen bee. I never thought I would get the opportunity to learn about bees.

"Moja Gabedi changed me. I experienced many things for the first time. Everything is so well organised," he says.

Follow up training and practical classes will be conducted on colony management, managing diseases, honey production and processing, handling beeswax and pollen trapping. Those who complete the training will work with the site's bees and get practical experience with Urban Bees. **!**